mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

**Reeks:** 'n god wat god is
**Titel:** Wanneer die Suksesleer te Kort is
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 20 Maart 2011

---

"You can be sure that using people or religion or things just for what you can get out of them, the usual variations on idolatry, will get you nowhere and certainly nowhere near the Kingdom of Christ, the Kingdom of God. Figure out what will please Christ and then do it. Don't waste your time on useless work, mere busy work, the barren pursuits of darkness. Expose these things for the sham they are.
It's a scandal when people waste their lives on things they must do in the darkness when no one will see. Rip the cover off those frauds and see how attractive they look in the light of Christ. Wake up from your sleep, climb out of your coffins. Christ will show you the light, so watch your step, use your head, make the most of every chance you get. These are desperate times. Don't live carelessly, unthinkingly. Make sure you understand what the Master wants."
***Ephesians 5:5,10-17 (The Message)***

Wil ons nie almal suksesvol wees nie? Ken jy iemand wat nie suksesvol wil wees nie? Miskien vir 'n oomblik gaan die persoon deur 'n moeilike tyd in sy lewe, kontak verloor met daardie diep begeerte in hom, ek wil nie net oorleef nie; ek wil sukses in die lewe behaal. Daar is van ons by wie hierdie behoefte en begeerte baie, baie sterk is.
Ek dink terug aan 'n onderhoud wat gevoer is met een van die 100 finaliste uit Idols, waar die meisietjie sê sy kom van 'n baie arm agtergrond af en niemand in haar familie het dit nog regtig gemaak in die lewe nie, bedoelende niemand was nog regtig suksesvol nie. Die eerste moontlikheid in haar familie is dat sy iets gaan maak met haar lewe.
Haar hele familie staan agter haar en sy doen dit vir die familie. Sy hoop om bekend te word. Sy hoop om Idols te wen, dit is haar begeerte, en dan wil sy dit wat sy kry deel met die familie. Hulle gaan trek na 'n nuwe plek toe en dit gaan fantasies wees, die nuwe lewe wat vir haar voorlê, en toe sê sy en sy wil net afsluit en dankie sê vir die Here wat haar help, en sy glo die Here gaan vir haar haar droom gee. Die persoon wat die onderhoud voer sê dis nou wat motivering is. All sterkte vir die pad vorentoe. Sy het dit nie verder gemaak nie, maar ek wonder wat is dit?
Wat is dit regtig wat haar gedryf het? Haar droom vir sukses, hoe is dit? Hoe werk dit in 'n mens se lewe? Kyk, Victor Frankl waarsku en hy sê vir ons sukses is bietjie meer kompleks as wat net dit mislukking in sukses is, en dit is hoe meeste van ons dink aan sukses, en ons sien dit op 'n kontinuum, en ons sal dink en as jy jou êrens moet sit op die kontinuum, waar lê jy? So... ja, so-so, taamlik suksesvol, so 50%, so... bietjie meer sterker of bietjie minder. Hy sê dis gevaarlik om so te dink aan sukses, want daar is 'n ander dimensie wat ons dikwels mis. Hy was 'n psigiater en hy het gesê met die mense wat hy werk het hy agtergekom dat baie van hulle suksesvol is, maar dat hulle dan depressief is, en dat hulle nie regtig hulle sukses kan geniet of waardeer of hoegenaamd voel dat hulle suksesvol is nie. Hulle sukses beteken nie eintlik vir hulle iets nie.
Baie min mense het hy in sy lewe ontmoet wat sukses het en vervul is. Daar is... ons kan verstaan as iemand 'n mislukking is van sy lewe en hy depressief is, en ons probeer hulle dan motiveer op baie maniere soos daardie meisietjie, met 'n droom, met 'n visie, met spiritualiteit, bid en vra die Here, droom groot drome, wees positief, doen dit nie net vir jouself nie, maar ongelukkig by Idols uit die miljoen mense wat aspireer daarvoor is daar een wat dit kry.
Ons het bietjie 'n probleem in hierdie gemeente waar twee of drie uit hierdie gemeente uit nou die Idol sal geword het, nou dink ons, hey, as hy kan kan ek ook, maar ons moet verstaan in die konteks hoe min kan, en baie... en die meeste van ons sit en leef in daardie kwadrant, wat hy rushed out genoem het. Sukses depressief het hy burnout genoem, jy weet, en net vir interessantheidshalwe staan iemand op in die gehoor waar hy die lesing gee en sê askuus, professor, hoe kan iemand 'n mislukking wees en vervuld wees? Dis mos nou nie moontlik nie.
Victor Frankl haal 'n briefie uit sy sak uit en hy begin dit te lees, van 'n persoon wat lewenslank in die gevangenis gaan wees en wat vertel hoe hy uiteindelik in sy lewe sin gevind het en betekenis gevind het, vrede gemaak het, en hoe hy uiteindelik nou vervulling in die lewe smaak ten spyte van die feit dat sy hele lewe eintlik 'n mislukking is.
Dis 'n probleem. Jy kan die leertjie van sukses klim. Jy kan bo uitkom, en dan kan jy uitvind hierdie leer was teen verkeerde muur gewees. My sukses beteken niks vir my nie. Jy weet, dit was Oscar Wilde wat gesê het there are two tragedies in life. One is not getting what you want, and the other one is getting what you want. My mentor het eenkeer vir my gesê, jare terug, 20, 25 jaar terug, oppas wat jy wil hê, want jy kan dit kry. Ek het gevoel maar jy verstaan nie; dis wat ek die meeste wil hê in die lewe, tot jy dit kry, en dan? Dan gee dit vir jou dikwels nie wat jy gesoek het daardeur nie.
Victor Frankl sê vir ons eintlik dat dit wat ons soek in sukses is dalk meer die goed wat kom deur sukses. Die goed wat ons dink ons gaan kry deur sukses, soos sekuriteit, soos aanvaarding, soos gemak, soos die goed wat ons

© Mosaiek

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

dink ons sal kry deur sukses, maar dit kan dit dikwels nie vir ons gee nie. Daar is persone wat ook waarsku teen sukses. Ek dink nou aan 'n geval wat... 'n studie wat gedoen is deur 'n professor Berglas van Harvard Medical School.
Hy het gaan navorsing doen op persone wat suksesvol is, en sy definisie van sukses was maar basies as ander ouens gedink het daardie persoon is suksesvol, so as hy baie goed gedoen het in sy praktyk of met sy besigheid, as hy die admirasie en die bewondering het van sy kollegas het, en almal voel en sê hy is suksesvol, het hy gaan kyk na daardie persoon en navorsing op hulle gedoen, en hy het opgekom met iets wat hy die sukses sindroom noem, en hy sê die meeste, en hy het ongelukkig nie 'n persentasie gegee nie, mense kan nie sukses in hulle lewe hanteer nie, en dit was Churchill wat gesê het vir elke 100 mense wat mislukking kan hanteer kan net een persoon sukses hanteer.
Sukses oor die algemeen is nie 'n goeie ding vir mense nie. Hier is sy sindroom wat hy geidentifiseer het. Hy noem dit die vier As. Die eerste een is arrogance. Die oomblik wanneer 'n persoon sukses beleef in sy lewe is die grootste gevaar dat hy arrogant gaan raak, en natuurlik baie subtiel. Hy kan arrogant raak op 'n baie nederige manier. Hy kry gedagtes soos ek kan nie regtig hierdie ding vir ander mense gee nie, want hulle kan dit nie so geod doen nie. Net ek kan dit goed doen.
Kyk, ek weet nie hoeveel keer nie... hoeveel keer het jy al so gedink? Ek doen dit eerder self dan weet ek dis reg gedoen en dis goed gedoen, as wat ek dit vir iemand anders gee. Dit kom op subtiele maniere. Ek onthou ek staan... ek staan eenkeer by 'n braaivleis en daar is 'n uiterse suksesvolle besigheidsman. Hy kom met sy Ferrari na die braaivleis toe en hy sort ons almal daar uit die aand. Hy help ons almal met ons probleme. Hy help my om die kerk reg te run, verduidelik vir my wat die groot probleem is met die kerk en spiritualiteit, en hy het al die oplossings. Hy gee vir 'n ou raad met sy kinders wat nie lekker is nie. Hy... almal daarso help hy.
Omdat hy sukses het met sy besigheid meen hy hy weet presies hoe die hele lewe werk. Hy het nou skielik 'n boffin geraak in spiritualiteit, in huwelik, hy is nou 'n boffin op al die gebiede, en baie van die ouens, toe hy daar wegry sê wow, en in hulle gedagtes sê hulle as ek eendag groot is... Daar is 'n paar ouens wat sê shame, is die man darem nie vir jou uitgedaag nie. Hy gaan weg daar, en dis arrogansie. Omdat ek een ding kan goed doen nou dink ek, en natuurlik die volgende A is alone, aloneness.
Skielik beleef jy intense eensaamheid. Jy voel dat mense gebruik my net. Almal wat met my vriende is het bymotiewe as gevolg van my sukses, en jy beleef 'n intense eensaamheid. Jy beleef ook 'n intense eensaamheid omdat jy voel dat min mense beweeg op die vlak waarop ek beweeg. My lewe is verskriklik uniek. Ek kan nie regtig met ander mense connect nie want hulle... ek kan nie my lewe met hulle deel nie want hulle verstaan nie. Ek is op 'n ander level, en jy beleef hierdie intense eensaamheid as gevolg van die arrogansie, waarvoor jy natuurlik blind is, wat in jou lewe is.
Die volgende fase wat hy sê waarin jy dan gaan is jou addicitve phase, en hierdie verslawing kom uit op baie verskillende maniere. Gewoonlik by die meeste van die ouens wat baie suksesvol is gaan dit gepaard met avontuur. Jy tackle nuwe goed. Jy voel regtig lewendig wanneer jy daardie deals aanmekaar sit, wanneer die goed gebeur, wanneer jy nuwe groot suksesse behaal, en natuurlik is die een ding, sukses is baie relatief. Dis nooit genoeg nie, en dis die addictive pattern waarin jy...
Wanneer is sukses genoeg? Wanneer gaan jy genoeg hê? Nee, jy... net meer, net verder, net groter, want ek het meer potensiaal. Ek kan nog groter goed doen, en saam met hierdie addiction gaan daar natuurlik ook die verslawing aan baie ander goed mee gepaard, soos substance misbruik en die goed, want vir 'n oomblik wil jy ook net ontvlug. Vir 'n oomblik wil jy net ook lewe. Vir 'n oomblik wil jy net padgee.
Die laaste A en die vierde A is adultery wat hy uitgevind het, en dis baie unteressant. Dis nie 'n Christen wat hierdie navorsing gedoen het nie, en dis vir my duidelik dat hierdie patroon en hierdie sindroom nie net in die wêreld werk nie, maar dit werk ook in die kerk. Dit werk enige plek, is hierdie sindroom... uiteindelik voel jy daar is niks wat my meer 'n kick gee en wat vir my regtig laat voel ek lewe nie, en waarvoor ek nou gaan is 'n ander soort plesier en 'n ander groot... ek begin nou ander grense te oorskry, en dis uiteindelik adultery waarvoor jy gaan.
Dis natuurlik baie vernietigend op jou lewe, en dit is hoekom hy waarsku teen sukses, en hy sê luister hier, ons moet mense leer om sukses te hanteer. Sukses is 'n gevaarlike vuurtjie om mee te speel. Dit is natuurlik goed wat nie sterk en dominant in ons gedagtes is nie, maar dis 'n waarskuwing wat na ons toe kom, dat iets wat goed is kan baie destruktief in jou lewe werk, en dis waaroor hierdie reeks gaan waarmee ons nou besig is.
Ons kyk na baie goeie goed van die lewe wat 'n verkeerde plek in jou lewe kan inneem, en dis waaroor Lent gaan. Lent is 'n tyd van selfondersoek. Lent is 'n tyd van die vergrootglas op jou eie lewe sit en net kyk wie is ek, hoe werk goed in my lewe. Dis 'n tyd van skoonmaak. Dis 'n tyd om jou innerlike lewe te reinig en voor te berei vir die groot gebeure van Paasfees wat voorlê, en nou kom Paulus en hy sê vir ons dat ek wil net vir julle sê, enige iemand wat sy lewe so inrig om mense of goed te gebruik, nê, daardie lewe gaan nie uitwerk nie, en hy gee vir ons 'n diepe insig en hy sê dis 'n vorm, natuurlik, van afgodediens. Iets neem die plek in jou lewe in wat dit nie behoort te neem nie.
As ek dit so kan voorstel op 'n sirkel is dat ons almal het 'n centre. Jy het iets waarnatoe alles van jou lewe af terug na toe gevoer kan word. Jy het 'n middelpunt. Jy het 'n as waarom jou lewenswielietjie draai en jy het verskillende dimensies in jou lewe. Nou, hier is Paulus se insig wat hy vir ons gee: wanneer dit die self is, dis nie Jesus nie, dis die self, dis ek wat in die middelpunt van my lewe is, dan attach my self aan 'n dimensie van my

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

lewe, aan iets of aan iemand, en ek gebruik daardie persoon, want ek kyk na daardie persoon of daardie ding om vir my goed te gee wat ek eintlik net by God kan kry, en ons rig ons lewe so in.

Dit kan vriende wees, en natuurlik die teenoorgestelde, want dit kan vyande ook wees. Ek rig my lewe in om hulle te wys. Dit kan die kerk wees. Dit kan jou lewensmaat wees. Sy het my lewe laat draai. Toe ek haar gevind het, weet jy, ek was 'n washout. My lewe het nie sin gehad nie. Ek het nie betekenis gehad nie. Toe sy in my lewe inkom toe verander alles. Nou het ek dit. Dis gevaarlik.

Jesus sê bo My liefhet. Jy moet haar liefhê, maar jy kan haar nie bo Hom liefhê nie, niks bo Hom liefhê nie, dan disintegreer jou lewe, jou fisiese, jou voorkoms, jou gesondheid, jou... watter aspek van jou fisiese lewe af, geld, plesier. Ek lewe om op vakansie te kan gaan. Ek hoor hierdie week sê iemand... en ek vra hoe is jou lewe. Wat beteken dit as jy sê ek haat die stad, ek hou nie daarvan nie? Ek hou nie daarvan om hier te wees nie. Ons het vir ons 'n plekkie by die dam gekry of by die rivier gekry, en naweke ontvlug ons net soontoe, en dis so fantasties daar, my siel lewe daar. Wat sê jy as jy dit sê? Waarvoor leef jy? Jy weet, jy sê dan eintlik 80% van jou lewe is 'n gemors; 80% van jou lewe hou jy niks van nie. Jy sien, jy hou nie... jy vind jou lewe glad nie interessant nie. Jy hou nie van die lewe wat jy leef nie, 80% daarvan. Jy lewe vir plesier. Jy lewe vir daardie oomblik wat jy kan wegkom, wat jy nie hierdie verantwoordelikheid... wat jy nie met hierdie goed sit nie, dis al hoekom jy hierdie gemors in die lewe draai.

Waaroor draai jou lewe dan, wat is die dinamis, want jy sien, die middelpunt van jou lewe motiveer jou. Dit is wat jy uiteindelik na toe kan terugval. Dit is hoekom jy doen wat jy doen. Dit is jou diepste motivering.

Uit jou diepste motivering volg jou droom, jou visioenering. O, as ek dit kan kry, dit is waarna ek soek, dit is wat ek wil hê in die lewe. Uit dit uit volg jou organisering, dan word jou hele lewe daarvolgens ingerig en bepaal, en dan word jou besluite, dan word... jou uitvoering van jou lewe volg daarop en dit was jy doen, en jy kan hierdie lyntjie terugtrek en alles terugvat na 'n middelpunt toe in jou lewe. Nou, hier is die ding: dis nie so maklik om agter te kom wat is dit in my lewe nie. Dis nie so maklik nie.

Ons kan 'n vinnige kognitiewe toetsie doen. Is jy 'n werkoholis? Kyk, en dis natuurlik baie beter dat jou vrou ook die vrae antwoord, nê, want jy gaan baie goed score in jou oë, maar dalk nie so goed in die gesin se oë nie. Hulle kan vir jou dalk 'n ander score gee. Is jy 'n alkohol... is jy 'n werkoholis? Is jy baie bang vir mislukking? Jou baas, is hy... is dit... bewe jy... beef jy... is... wat hy sê, is dit verskriklik belangrik vir jou? Die... wanneer leef jy? Wanneer jy suksesvol is? Is dit wanneer jy regtig alive voel en connected voel en in 'n euforie ingaan die oomblik wanneer jy daardie sukses beleef?

Kyk, dis alles aanduidinge dat die middelpunt van jou lewe kan sukses wees, maar dit help nie veel om 'n kognitiewe ontdekking te maak van die middelpunt van jou lewe nie. Daar moet 'n insig kom, daar moet 'n bewussyn kom van dis hoe my lewe lyk, dit is hoe ek my lewe bestuur, dit is hoe my lewe werk. Kyk, en die Christene sê so 'n lewe is nie die moeite werd om te leef nie. So 'n lewe gaan integreer... disintegreer. Hy gaan meer destruktief raak vir jouself en vir ander mense as iets anderster in die middelpunt van jou lewe is, as wat hy lewegewend gaan word.

Jy lewe, one lewe wanneer Jesus... wanneer jou lewe om Hom draai, wanneer jy Hom liefhet bo alles in die lewe, dan werk die lewe. Ek glo die Heilige Gees oortuig ons wat dit is. Wat is hierdie...? Hy oortuig ons van sonde. Wat beteken... of jou lewe lewend gee, of jou lewe destruktief is. Kom ons gebruik 'n ander woord vir sonde. Sonde beteken jy mis die doel van jou lewe. Sonde beteken dis anti-lewe; wanneer jy op 'n manier leef wat nie lewe bring nie. Dis wat die Heilige Gees jou van oortuig. Dis sy werk [?]. Dis awareness. Dis 'n oortuiging. Dis 'n insig wat tot my kom, en dan kan jy bely, dan bely jy.

Bely beteken letterlik om dieselfde te sê as, dan sê jy dieselfde as die Here. Here, dit is nie goed nie. Here, dit is sondig, dit is destruktief, dis verkeerd. Het jy al agtergekom van daardie goed in jou lewe? Ons almal het dit. Het jy al gesit en gesê ek wonder hoekom doen ek dit? Ek doen... ek probeer so hard. Ek doen soveel goed wat so goed is, dan doen ek nou hierdie goed wat my lewe afbreek. Ek het hierdie ding in my wat my lewe vernietig, wat my lewe afbreek ook. Dis die oortuiging, en dan kan jy jou bekeer.

Bekeer beteken om letterlik jou denke te verander oor dit, to turn around, to change your thinking. Dis wat die woordjie metanoia letterlik beteken in Grieks, en dan verander ek my denke hieroor, ek sweer dit af. Ek sê dit... dis... ek gaan nie weer so... ek gaan nie meer so leef nie. Ek gaan nie meer so dink nie. Ek gaan dit nie meer doen nie. Ek wil iets anderster hê, Here, help my. Kyk, ek draai na hom toe. Dis die proses waarmee ons besig is.

Drie goed oor sukses: ons moet met sukses kan werk en dit tackle. Die wat, die hoe, en die hoekom. Die eerste plek: wat. Wat is jou definisie van sukses? Nou, hier is die belangrike ding. Ons het 'n veronderstelde definisie en 'n spiritualiteit, en ons het 'n funksionele definisie en spiritualiteit, en daar is 'n groot gaping, nie altyd groot nie, maar daar is 'n gaping tussen die twee.

Jou veronderstelde definisie is dis wat ek dink sukses is, nê, whatever jy dink dit is. Jy voel so, jy sê so, jy dink so, maar die gaping lê tussen jou lewe, jou funksionele, wat jy doen. As dit so is, so sê nou maar sommer op jou definisie is om te wen by die huis, om 'n gelukkige gesin te hê, nê, om diep connected te wees met my gesinslewe. Dis deel van my idee van wat sukses is, dan wys jou lewe dit.

Baie van ons sit hier met 'n diskrepans, dit is net ek is opgeneem met my werk, ek het net nie tyd daarvoor nie. Ek kom net nie daarby uit nie. Ek voel so, ek dink so, ek is oortuig daarvan, ek glo so, maar ek leef dit net nie. Dis jou

© Mosaiek

funksionele definisie, en dan wys dit eintlik na iets anderster wat diep in jou lewe lê en jou lewe beheer. Jy het eintlik iets anderster.

Jy is gekondisioneer. Jy het 'n paar preke gehoor, jy het kursusse gedoen, mense het vir jou gesê jy het die regte antwoord gekry, maar daardie antwoord is nog net in jou kop. Daardie antwoord is nie in jou hart nie, hy het nie 'n nuwe oriëntasie gebring in jou lewe nie. Hy het nie 'n diep ander gevoel gebring in jou lewe nie. Hy het nie jou waardes geskuif nie. Hy het nie jou fundamentele wereldbeskouing geskuif nie.

Dit is heeltemal iets anderster, en die ding is dat jy kan dit baiekeer ontdek, die maklikste, dit staan gewoonlik op jou kop geskrywe, ons kan dit net nie self sien nie, nê, want dit staan hierso, so vra net jou vriende of jou vrou, dan sal hulle vir jou dadelik sê maar weet jy wat, ek dink dit is 'n belang... dis 'n baie belangrike ding in jou lewe daardie, maar jy ontdek dit. Dis... die eerste ding is die ontdekking, die insig te kry, my funksionele definisie, dis wat ek eintlik sê dit is.

Nou, hier is twee goed wat baie mense ontdek wat so vêr om die pad vorder en hierdie innerlike werk gedoen het, is dat baie ontdek my definisie is so eendimensioneel, jy weet, dit... ek het so verkeerd gedink daaroor. Ek het gedink dat as ek finansiële sukses het, dan gaan my hele lewe uitwerk en alles gaan uitwerk, maar dan vind ek uit ek het dit gedoen ten koste van my gesin, so baie mense ontdek my definisie is nie holisties genoeg nie. Ek kyk nie breed genoeg nie. Ek kyk nie groot genoeg na sukses nie. Ek kyk te klein. Ek kyk... dis verskraal.

Ek kyk te eendimensioneel na sukses, en die ander ding wat ons dikwels ontdek is maar my definisie het net te doen met die lewe hier en nou, en Jesus sê wat help dit jy is so suksesvol dat jy die wêreld oorwin maar in jou siel skade ly, en hy vertel 'n storietjie van Lasarus en die ryk man wat hulle oë oopmaak, die ou is ryk, hy bly in 'n kasteel, hy het alles in hierdie lewe. Hy het heel bo uitgekom. Hy het 'n fantastiese lewe en hy gaan hel toe, en die ander ou is arm en hy sukkel en hy het nie kos nie, maar hy gaan hemel toe. Wie het sukses is die vraag. Wie is die ou... wie se lewe soek jy nou eintlik dan nou, nê, so dis om breër te kyk, groter te kyk, om die ewigheidsdimensie by te bring in hoe jy dink oor sukses. Wat is sukses regtig? Wat is dit, en dis 'n soeke, en dis 'n pad waarop jy moet gaan om vir jou uit jou... uit jou kop klaar te maak, en soos ek sê, ek wil wegbly van... dit is wat ek dink dit is, of dis wat ek dink die Bybel sê daaroor. Dis iets wat jy diep in jouself moet uitmaak en van oortuig wees, dis wat dit is.

Die groot ding saam met sukses is natuurlik mislukking. Dis die ander kant van die muntstuk, en die meeste van ons het 'n goeie definisie van sukses, maar ons het nie 'n definisie van mislukking nie. Ek hoor gister iemand sê mislukking is nie 'n opsie nie. Dis 'n mooi ding om jou te try motiveer, maar wat doen jy as jy misluk? Dis hoekom baie ouens dan opgee.

Dis hoekom 'n ou sy eie lewe neem as hy besigheid verloor, want dit was sy definisie van sukses, en deur sy definisie van sukses, en dis hoekom dit so belangrik is, kry jy sin vir jou lewe. Dis wat jy sê, dit is wanneer ek dit maak. Dit is die moeite werd. Dit is waarvoor ek... dis die sin van my lewe, dan verloor hy die sin van sy lewe, en dan is sy lewe nie meer die moeite werd nie. Wat doen jy as jy misluk? Dis baie belangrik.

Ek meen, die Bulls moet nou 'n definisie van mislukking kry. Kyk, hulle leef met dis nie 'n opsie nie, nou al vir 'n hele rukkie. Jy weet, dit hoekom ek van die Lions hou. Hulle ken, hulle weet wat mislukking is. Hulle weet wat dit is en hulle kan daarmee werk, en dis hoekom dit gaan draai vir hulle. Ek glo so, al vir jare. Dis die ander kant van... dis deel van die lewe. Dis baiekeer, en ons moet... jy weet, dit is baiekeer... die rede hoekom jy sukses gaan kry in die lewe is omdat jy misluk het. Mislukking is nie uitgeskakel in die journey van jou lewe nie. Ek meen, die grootste mislukking op die oog af was Jesus aan die kruis wat deur sy vyande doodgemaak word. Dit word die grootste oorwinning in jou lewe.

Mislukking beteken nie ek kan dit nie maak nie. Dit beteken net daar is dalk 'n ander manier waarmee ek moet werk. Dit beteken net dalk daar is iets anderster vir my, en dit is baiekeer die goed, en dit is wat die Bybel vir ons sê, wat die Here gebruik en in ons lewens inwerk. Alles werk ten goede mee. Dit beteken net dis nog nie nou die tyd nie, maar die tyd kom. Die tyd kan kom, en daardie goed moet ingewerk word. Dit is deel van ons lewe en van die werking van die journey waarop ons moet gaan. Dis nie sukses of mislukking nie, dit is sukses en dit is mislukking. Dit is die lewe. Such is life.

Goed, 'n ander baie belangrike ding... tweede groot ding is erken die Here in alles wat jy bereik. Deuteronomium 8 sê vir ons, in die Living Bible, always remember that it is the Lord your God who gives you power to become rich. Always remember. Dis iets wat diep in jou gedagtes, in jou bewussyn... dis 'n fundamentele oriëntasie teenoor die lewe. Kyk, ek erken, ek sien 'n groter prentjie raak, jy weet, en dit is maar weer hoogmoed en nederigheid, dat ek kies die stans van nederigheid in die lewe.

Hoogmoedige oë kyk en sê jis, kyk net my sterk punte. Om hoogmoedig te wees beteken om jou swak punt te ontken, dis om net te fokus op jou sterk punte. Jy weet, dit is dikwels... ouens sê jis, ek het hierdie company uit niks uit gebou nie. Jy het die company uit niks uit gebou nie. Jy het 'n baie belangrike deel daarin gehad, maar weet jy wat, dis 'n baie klein kykie na die ding. Die ding is baie groter. Weet jy, die... daar was 'n span.

Ek het nog nooit 'n company gekry wat deur een ou omgedraai is nie. Daardie ou het saam met ander mense hande gevat en hulle het saam gewerk en hulle het die groot ding reggekry. Dis altyd 'n span, en weet jy wat, daar is nog 'n groter prentjie. Jy was net op die regte tyd op die regte plek met die regte gawes en goed. Daar is 'n grotere kontekstuele... dit was die regte oomblik. Dit was die regte oomblik, en dan, weet jy wat, dis die Here. Hy het vir jou jou lewe gegee, en dis wat Deuteronomium 8 sê, Hy het vir jou die krag gegee.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Daardie toevallighede in jou lewe, toevallig ontmoet jy daardie ou, dis die Here, dis alles Hy, en as jy daardie oë kan kry... om nederig te wees beteken nie ek ontken my sterk punte nie, maar dit beteken ek erken ook my swak punte. Om nederig te wees beteken ek sien die groot prentjie. Dit beteken nie nee, ag, ek is niks nie en ek het geen aandeel hierin nie. Nee, ek het 'n aandeel. Ek het iets gedoen, maar weet julle wat, dis nie net ek nie, daar is ander mense ook. Dis die omgewing, dis die milieu, dis die plek, dis die tyd, dis die produk, dit is... daar is 'n groot stuk luck ook in hierdie ding. Dis die Here. Dis die Here.

Jy weet, ek dink nou aan iemand wat so bietjie vals nederig geraak het, en alles is net die Here. Hy is niks nie, dis net die Here, en hy loop so en hy wys vir sy vriend sy tuin en hy sê kyk net hierdie wonderlike tuin, jy weet, en sy vriend sê vir hom dis net die Here, dis net die Here. Hy sê nee, jy moes gesien het hoe het hierdie plek gelyk toe dit net die Here s'n was. Dis 'n samewerking. Dis... ek erken, ek het ook 'n deel, maar ek kan nie laat groei nie. Ek kan nie... daar is goed wat ek nie kan doen nie, wat net buite my beheer is, en ek erken dit.

Die laaste ding is ek lewe vir 'n gehoor van een. Jesus sê dit. As julle goed doen, sê hy vir die Farriseers, moet dit nie doen om te kyk hoe gaan dit vir die mense kyk nie. Lewe vir jou Vader wat nie verborgene is nie [?], en Paulus praat... in Romeine 2 praat hy van iemand wie se lof uit God is en nie uit mense is nie, iemand wat vir Goddelike terugvoering leef en van Goddelike terugvoering af leef.

Dis uiteindelik die diepste moitvering. Dit is hoekom hy die goed doen. Dis vir God. Dis vanuit God. Dis vir God wat hy dit doen. Nou, hier is die ding met sukses. Ons dryf vir sukses. As jy diep teruggaan in die worteltjies dan gaan jy uitvind jy het 'n pawiljoen in jou lewe, 'n grandstand. Daar is mense wat jou motiveer, en baie van ons sê gemotiveer hê, hy kan dood wees maar hy kan nog steeds op jou grandstand sit. Jy kan dit nog steeds vir hom doen.

Nou, dis gewoonlik vrees of dit is 'n positiewe motivering, 'n prys wat ek wil kry. Baie van ons is seergemaak. Jy het 'n pa gehad wat vir jou gesê het jy... daar gaan niks van jou lewe word nie. Jy is nou al 50 of 60 jaar oud en jy leef nog steeds vir jou pa wat dood is, om vir hom te wys ek gaan dit maak, ek sal dit maak, ek sal jou wys, of jy was verneder gewees in omstandighede, en dit het jou so diep seergemaak dat jy besluit het in my lewe sal ek nooit weer na hierdie plek toe gaan dat mense vir my lag oor dit nie, en dit het jou diepste motivering geword, en weet jy wat, jy het jou vyande in jou grandstand gesit en hulle gee vir jou applous en hulle wys vir jou nee, bad, hulle wys vir jou dis goed, en dan kry jy lekker en sê ek sal hulle wys. Ek sal harder... ek sal hulle wys, of dit was iemand gewees wat jou... 'n pa wat vir jou groot... jy is wonderlik.

As jy dit doen, jy is wonderlik, ek kan dit nie glo nie, en dis vir jou so wonderlik om daardie positiewe terugvoer te kry. Dis wanneer jy voel jy is okay. Dis wanneer jy voel jy word aanvaar. Dis wanneer jou lewe uitwerk. Dis wanneer jy happy is, en jy lewe vir die applous van... en ek wonder wie is in jou grandstand. Wie is in jou grandstand, want Paulus sê haal hom uit. Haal hom uit. Ek lewe vir 'n gehoor van... my... ek kyk net na die afrigter. Jy weet, daar is 'n groot verskil.

As... speel jy vir die gehoor, of speel jy vir die afrigter? Kyk, die probleem is die ouens kan jou 'n applous gee en dink jis, dis 'n mooi trick wat jy daar gedoen het, nê, maar Maandag kyk ons na die terugspeel, na die video van Saterdag se game, en weet julle wat, dan... al daardie ouens wat vir jou hande geklap het maak nie saak nie, dan is dit net die afrigter wat sê hoekom het jy dit gedoen? Weet jy wat, ek drop jou uit die span. Ek wil... ek soek 'n team player. Ek soek iets anderster.

Vir wie leef jy? Vir wie leef jy? Vir die groot pawiljoen en die gehoor, of vir die afrigter? Daardie skuif, belangrike skuif, waar is jy in jou lewe. Vanmôre sit jy dalk hier met intense pyn. Jy weet, ek onthou, ons sit eenkeer in 'n klein selgroep en ons praat oor sukses en die ou sê askuus man, kan ons nie oor iets anderster praat nie. Dis baie irrelevant waaroor ons nou praat. Ek ken net mislukking. Ek het nog nooit sukses geproe nie, so hoekom praat ons daaroor, en miskien voel jy so, dat jy het baie pyn. Jy voel ek het 'n besigheid, ek het 'n huwelik wat misluk het, en jy voel ek is 'n mislukking.

Ek hoop iets vanmôre van wat dink jy van wat is sukses en wat is mislukking raak in jou los. Jou lewe is groter. Jy kan nie jou lewe hang om een gebeurtenis in jou lewe nie, of een mislukking in jou lewe nie. Die lewe is baie groter. Wat is sukses regtig? Het dit nie meer te doen met hoe God daarna kyk en hoe God daaroor voel nie, huh, en dis nooit te laat nie. Dit maak nie saak hoe oud jy is en waardeur jy deur die lewe gegaan het nie. Dis nooit te laat om sukses en Goddelike sukses in jou lewe te ervaar nie.

Miskien het jy intens bewus geraak van ek battle. Ek moet eerlik wees, ek het daardie oortuiging dat ek lewe met 'n centre en 'n middelpunt wat nie so gesond is nie, en ek sien die effek dikwels daarvan op my lewe en die mense om my se lewe. Jy het 'n oortuiging dat jou diepste motivering is nie God nie. Jou diepste motivering is iets of iemand anders. Dis die begin van awakening, van 'n wakker word waarvan Paulus praat, van 'n ontwaking wat na jou toe kom, en dis 'n begin van 'n bekering, van 'n omdraai, van 'n anders dink, van 'n pad wat jy kan stap.

Miskien is jy op die plek waar jy sê ek is besig om aan hierdie lewe te bou en na hierdie ding toe te gaan, maar dit bly my ontvlug, en ek wil vanmôre net weer sekerheid hê, weet dis die regte pad, dis wat ek moet doen. Dit is waarheen ek moet gaan. Miskien sit jy en sê ek moet my afsny, ek moet ouens uit my pawiljoen uit haal. Waar jy ookal is vanmôre, kom ons neem net 'n paar oomblikke om te peins, 'n paar oomblikke om te reageer op die Woord en op dit was na ons toe gekom het. Kom ons bid saam.

Dankie, Hemelse Vader, dat ons vanmôre so kan saam wees. Ons dank U vir die Woord wat 'n lig is vir ons pad, en ons vra dat U ons oë sal oopmaak, elkeen van ons wat aan die slaap is, om net te kan wakker word, om nie meer in die slaap rond te loop en deur hierdie lewe te gaan nie, dat ons kan sien, dat ons in die ware lewe kan ingaan, aan dit kan vat, aan die groot avontuur van die lewe self.
Help ons om realiteit te erken, te aanvaar. Help ons om diep te kan insien in ons lewe en die kragte en die magte wat in ons werk. Help ons om te laat gaan, te bekeer, te bely, oor te gee en die lewe saam met U te leef. Ek wil bid vir die van ons wat vanmôre in groot pyn is, miskien deur die definisie, miskien deur ons idee van sukses wat ons so dryf en ons lewe so doodmaak, miskien deur ons wat so seergekry het, so ontnugterd is. U weet waar elkeen van ons is. Ontmoet ons, verkwik ons en lei ons, laat ons sien. Ons vra dit in Jesus se naam. Amen.
Mag die genade van Here Jesus, die liefde van God dieVader, die gemeenskap van die Gees met elkeen van julle wees en bly in hierdie week wat voorlê. Amen.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

© Mosaïek

die kuns van lewe!